# Verneder Jouself

Jeffersonville, Indiana, USA
14 Julie 1963 (Aand)

1 Ek geniet dit beslis om elke keer hier te wees. Ons reis kom nou naby aan die einde, het ek gedink, om by julle te bly—want ons het nog 'n byeenkoms wat dadelik in Chicago opkom, en ek moet die familie binnekort in Arizona hê. En hulle het nog nooit hulle somervakansie gehad nie, en ek is veronderstel om hulle te neem vir 'n klein rit êrens binne 'n paar dae. En dan sal ek waarskynlik een dag weg wees, een van die Sondae, en dan die volgende week sal ek in Chicago begin. Dan moet ek reguit terugkom op Maandag en hulle na Arizona neem.

2 En nou, ek haat dit net om in te kom op 'n Sondagoggend, neem daardie tyd waar almal verfris is (Sondagaand is jy altyd moeg en uitgeput, Sondagaand), en gee dan die Sondagaanddiens aan ons pastoor. Dis soort van erg. Ek haat dit om dit te doen. Tog, teen Sondagaand sou ek… Sondagaand—om die diens Sondagaand te hê—dan hou ek die mense so laat. Baie van hulle kom hier in van ver onder in die Suide, en ver noord, en hulle moet… Partymaal ry hulle dag en nag net om hier te kom vir een diens, gaan dan terug. En dis waarom ek dit Sondagoggend probeer maak wanneer ek kom. Gee hulle 'n kans om terug te gaan.

Lojale, getroue, pelgrims—hoe waardeer ek hulle. Hulle ry in ysreën, reën, en alles anders om hier te kom—oor die land, honderde myle, net vir een klein diens. So, dit laat my dankbaar voel teenoor God en hierdie mense vir hulle groot ondersteuning. En wat ek vir die mense probeer vertel om die waarheid te wees…

3 Nou ek glo dit is die waarheid. Ek, met my hele hart… As daar enigiets anders was wat ek gedink het beter was, sou ek sekerlik eers gaan… Ek sou nie enigiemand vra om êrens heen te gaan waar ek nie eerste gaan om uit te vind of dis reg of nie. Ek sou nie enige persoon vra om 'n tree in God te maak wat ek nog nie gemaak het nie en weet dat dit die waarheid is. Eers moet dit die Woord van die Here wees. Dan stap ek en kyk of dit reg is. Dan as dit reg is, dan sê ek: "Kom hiernatoe," sien. Dit maak die weg.

En nou, ek glo enige prediker behoort dit te doen—behoort eers self te gaan. Hy is veronderstel om 'n leier te wees, 'n leier van mense; nie iets spreek wat hy nie sy hand op homself sou plaas nie. Ons moet gaan as leiers van die mense.

4 Vanoggend het ek 'n baie vreemde, eienaardige, ondervinding hier in die preekstoel gehad. En dit was omtrent die laaste deel van die boodskap. Ek was nie van plan om dit so te sê nie, sien. Maar ek reken dit is alreeds gesê, en daar is niks wat ek nou daaraan kan doen nie. Maar toe het ek by die huis gekom en daaroor gestudeer en…

Het 'n klein familie reünie gehad vandag, net my broers en hulle. Mamma is weg. Ons het altyd by haar huis ontmoet en nou gaan ons op na Delores s'n. Ons het 'n lekker tyd gehad daarbo vanmiddag, gepraat. Teddie was saam. Ons het 'n paar liedere gesing, 'n paar gesange gespeel, en dinge.

5 Nou, ek dink miskien volgende Sondagoggend, as die Here wil, as Broer Neville nie omgee nie, wil ek graag 'n genesingsdiens hê—net toegewy aan genesing. En ek dink met die boodskap vanmôre, die manier wat die Here my skynbaar gelei het om dit te bring, dit uit te bring, behoort ek julle soort van aan te spoor, so te sê, sien, om regtig te glo. Ons speel rond, en ons neem verskillende dinge en praat oor hulle, maar dan wanneer dit kom by 'n konfrontasie is dit iets anders.

6 Soos iemand my vertel het, ek glo dit was my broer daaragter, vertel 'n storietjie vandag oor 'n man, 'n prediker, en een van sy gemeente. Hy het gesê hy kon 'n stomp dra.

Hy het gesê: "Pastoor, sekerlik. Die Here is met jou."

Hy het gesê: "Ek kan 'n stomp oor my rug dra wanneer ek oorgaan."

"Sekerlik, die Here is met jou." En hy het gegaan en dit gedoen.

Hy het gesê: "Ek kan 'n stomp dra en terselfdertyd 'n kruiwa oorrol."

"Sekerlik, Pastoor. Die Here is met jou. Jou geloof kan enigiets doen."

Hy het gesê: "Ek kan jou in die kruiwa sit en dit alles pak."

Hy het gesê: "Nou wag 'n oomblik," gesê: "dis anders."—wanneer jy self daarby ingesluit is, sien.

Nou as dit … dis baie goed vir ons om hier te sê: "Amen." Dis baie goed vir ons om te sê: "Ek glo dis waar." Maar sit dit dan in aksie. Jy moet dit tot aksie laat oorgaan.

7 Soos ek daardie stelling gebring het vanmôre: die mense het gelê in die skadu van Petrus. Hulle het nooit eens vir gebed gevra nie. Ek het in baie huise ingegaan en dit dopgehou. Bid voor ek gaan, gaan net daar in met die salwing, en bid nie eens vir die mense nie, loop uit en hulle word genees. Amen. Dis

reg. Ek het dit soveel keer gedoen gesien. Jy moet 'n plek hê om jou geloof te plaas. Jy moet dit glo. En ek glo dat die uur naderkom en nou is, en…

Ek besef dat hierdie nie 'n banddiens is nie. Hulle mag 'n kleintjie vir hulleself maak, maar hierdie is nie 'n band wat oor die land uitgaan nie.

8 Hierdie … waarvan ek vanmôre gepraat het, het ons tot by 'n klimaks gebring en dis waarom ek volgende Sondag gaan neem vir 'n genesingsdiens. Want vandat ek tuis is, het ek gepraat oor die visioene en wat gebeur het en alles, en dit uitgebring waarom ek al hierdie dinge gedoen het, en dit vanmôre dan nou reg na daardie laaste hoogtepunt gebring het.

Nou is dit my tyd vir toewyding aan God, en God se tyd om met my te praat, sien. Ek moet net 'n klein verandering in my eie lewe hê. Nie dat ek dink dat ek goddeloos is nie, maar ek wil 'n bietjie nader aan mense wees, sien—

9 die mense vir wie ek hierdie evangelie waarheid probeer vertel het, en hulle draai hulle rug daarop en loop weg en lag daarvoor.

Nou, vir my lyk dit asof dit 'n belediging is—nie net vir my nie, maar vir die dinge wat ek gesê het die waarheid is, hulle probeer help. Soos om 'n boot uit te stoot, te sê: "Hier. Hier is dit. Steek oor. Hier, kom uit daardie swellende stroom. Jy gaan sterf. Jy gaan daar vergaan." En hulle lag net vir jou en stap weg. Wel, vir my lyk dit as hulle wegstap asof daar niks meer is wat ek daaraan kan doen nie, sien—wat ek kan doen. Maar ek wil nou by die oewer afloop en hulle oorreed om terug te kom. Ek moet daardie gevoel hê, sien, want ek weet daar's iemand daarbuite wat nog nie ingekom het nie. En ek gaan visvang totdat Hy sê die laaste vis gevang is. En ek wil dit doen.

Nou, nou ten einde dit te doen, verwag ek dat iets sal gebeur in 'n biduur. Iets … en baie van julle onthou die visioen van die laaste trek … daardie derde trek, liewer. Julle onthou, daar was iets wat gebeur het net voor dit. Ek het daardie lig sien kom en afgaan na daardie plek en gesê: "Ek sal jou daar ontmoet." Nou soek ek na iets om te gebeur.

10 Hier, jare gelede, was dit altyd so dat die dienste en daardie onderskeiding my so swak sou maak dat ek sou steier. Baie van julle onthou dit. Kom net by 'n punt waar ek sou staan… En ek het Jack Moore aan een arm en Broer Brown aan die ander gehad, en hulle het op en af in die straat met my gestap vir 'n uur na die diens. Ek het net … probeer dink waar ek was en wat plaasgevind het. En heelnag daar gelê en daaraan gedink, en gesnik en alles anders, en gewonder waarom hulle nie ons Here Jesus aanvaar het nie.

Toe het Hy my vertel—'n visioen. "Eenkeer sal jy 'n dame ontmoet wat na jou toe sal kom met 'n bruin pak aan, en sy sal 'n babatjie in 'n kombers dra. En van daardie tyd af aan sal jy krag hê om te verduur, sterker." Wel, ek het julle dit alles in Chicago vertel. Dit het daardie aand gebeur. En die klein Presbiteriaanse dame, toe haar eie pastoor haar daarheen gestuur het met die baba…

11 Ek glo dit was sy broer, of een van hulle, was 'n dokter. Het gesê: "Daar's nie 'n hoop vir die baba tensy die Almagtige God dit aanraak nie."

Sy het gegaan en haar pastoor vertel. Die pastoor het gesê: "Ek is nie gekwalifiseerd," het hy gesê: "om op hierdie goddelike genesing te reageer nie omdat ek nie … net nie binne-in my het—die geloof wat dit neem om dit te doen nie."

Nou dis eerlik daaroor, sien. Hy het gesê: "Ek het dit net nie in my nie." Hy het gesê: "Maar ek was by een van Broer Branham se dienste, en ek sou jou aanraai om die baba na Broer Branham te neem."

En die dokter het dit opgegee, dit sou sterf.

12 En die dametjie het daar ingestap waar ek een of ander diens gehou het vir daardie Katolieke kindertjies wat verbrand was in daardie skool daarbo, julle weet. Onthou toe dit was toe ons daardie diens gehad het? En reguit af op die platform kom daardie dametjie met die bruin pak aan. My vrou-hulle het daar gesit en ek het gesê ... het omgedraai en gekyk, oral rondgekyk om te sien of hulle daar gestaan het. En dit was toevallig net voor dit opgekom het, ek glo Billy Paul en hulle het gepraat, of die vrou, of iemand, met die dame met die babatjie.

En die dame het opgestap na die platform, die Heilige Gees het die hele ding geopenbaar en die baba daar genees, en weggestap. En sedertdien word ek net nie moeg nie. Sien, dit pla my nie. En ek gaan net reguit aan en aan.

13 Nou soek ek na iets om te gebeur om daardie derde trek in die merk te begin, sien. En miskien die volgende Sondagoggend genesingsdiens, miskien sal dit dit voortbring. Ek weet nie. Ek dink vir ons om te doen sou wees om vir julle mense sê: "Kry die siek mense." Nou, vir 'n genesingsdiens moet ons op siek mense konsentreer. Kry julle siek mense. Kry hulle vroeg volgende Sondagoggend hier, sê omtrent agt of

agt-dertig. En ons sal hulle 'n gebedskaart gee soos hulle by die deur inkom, hoe hulle dit ook al doen. En dan sal ons 'n gebedsry hê en vir die siekes bid, en net kyk wat die Heilige Gees sal doen. Ek glo Hy sal wonders doen as ons Hom net sal glo. Maar ons moet Hom daarvoor glo, nou, met ons hele hart.

En ek dink dat die groot uur aangebreek het dat wanneer God, in soveel—soos ons vanmôre gepraat het—ons soveel gewys het, en ons gebring het na 'n sekere … net tot by 'n punt net om oor daardie klein heuwel te beur en dis al wat jy nodig het. Dan gaan dit weg, julle sien. Gaan net soos dit was—dieselfde ding met die onderskeiding, dieselfde ding deur die profetiese, tot watter…

14 Ek het in Calgary gestaan … verskoon my, dit was die koninginstad onder in … Regina. Regina. En Ern Baxter het daar gestaan, albei van ons. En die Here het vir my gesê, net hier op die platform, dat "Dit sal gebeur dat jy die einste geheim van hulle hart sal ken." En dis reg. En ek het nooit daaraan gedink, op daardie manier nie. Ek het opgestap na die platform daardie aand saam met Ern en begin bid vir die siekes. En hier kom 'n man langs—het net sy hele lewe uitgelê. Die eerste keer wat dit ooit gebeur het. Net soos dit, in 'n oomblik, in 'n genesingsdiens. Toe het ek uitgekyk oor die gehoor, en hier het dit begin afkom oor die gehoor, en dinge.

O, wanneer ons die ander kant bereik… Die helfte is nog nooit vertel van die dinge … om uit te loop en dinge in mense se lewens te sien nie. Ek sê niks daarvan nie, laat dit net alleen, sien, tensy ek regtig verplig is om iets te sê. En nou kyk ek na hierdie volgende om so te begin, sien. God op Sy eie manier, in Sy eie soewereine tyd, om dit te begin. En dit sal nog 'n ding wees wat ver bokant enige van hierdie ander dinge sal wees. En ek is op soek na dit om te gebeur.

15 En miskien… Ek het gedink as ek miskien volgende Sondag 'n genesingsdiens sou hê, dan sou ek die volgende Sondag waarskynlik weg wees met die kinders en hulle, want hulle moet teruggaan en skool toe gaan. Dan die volgende Sondag, natuurlik is ek in Chicago by die diens daarbo. En kom dan terug die volgende Maandag om Dinsdag na Arizona te vertrek vir die kinders om terug te gaan in die skool.

Wel, wat het jy gevind, Pastoor? [Broer Neville antwoord.] Goed, dis baie goed. Nou, ons wil daarvan hoor. So nou, die Here seën julle almal baie, baie goed, en ek hoop om julle volgende Sondag hier te sien, en Woensdagaand.

16 En luister, moenie hierdie kerkies vergeet soos Broer Ruddell, Broer Jackson, Broer Porniak, en al daardie broertjies wat swaar trek nie, sien. En hulle voel asof ons hulle susterkerk hier is, julle sien. Ons is soort van soos 'n klein moedergroep vir hulle. Dis waar… Hulle is van buite hier gebore—pastore, ensovoorts. Hierdie kêreltjie hieragter, Broer (ek het hom nou die aand daar oorkant ontmoet) Allen. Klein Broer Allen. Ek hoop Broer Collins sal hier by Broer Allen uitkom, as hy hom nie ken nie. Hulle is albei Metodiste predikers, en het die waarheid van die Woord gesien,

17 wat die organisasie van die Metodiste kerk … wat 'n goeie klomp mense in daardie Metodiste kerk is. As julle nie dink hulle is nie—hulle is. Hulle is 'n goeie klomp mense in daardie Katolieke kerk, en 'n goeie klomp in die Presbiteriaanse kerk, en al daardie plekke daar. Dis mans en vroue wat wag om daardie lig oor hulle pad te sien flits. Jy hou net aan om die lig te flits in nederigheid, soetheid.

Laat ons almal nader aan God groei deur onsself te verneder.

18 Moenie vergeet nie: hierdie tabernakel sal sy krag verloor. Onthou dat dit die teiken is waarop Satan elke geweer in die hel opgelei het. Hy sal een persoon iets laat doen wat teenstrydig is met wat die ander een dink. Hy doen dit. Hy's opgewasse daarvoor. Dis sy saak, as hy iemand kan kry om iets te sê, iemand praat oor 'n ander, sê: "Wel luister, het jy geweet *So-en-so* het…?" Julle moenie daarna luister nie! Moet glad nie daarna luister nie. Dis die duiwel, sien. Dis Satan. Julle moet dit nie glo nie. As daar enigiets is wat iemand verkeerd gedoen het, bid vir hulle.

Moenie op 'n selfsugtige manier bid nie, sê: "Ek is net omtrent deur, maar ek moet vir daardie broer bid." Jy neem dit na jou hart, diep af, vir daardie suster. En praat dan en wees baie goed. En die eerste ding waarvan jy weet, vind jy hulle weer reg terug in die diens. Want, per slot van sake is ons op pad na die ondergaan van die son.

19 Die Here Jesus sal een van hierdie dae kom.

En, julle weet, ek dink dit sal so skielik wees, en so soet, en so… Daar sal honderd wees … tot eenhonderd persent van die hele wêreld sal nooit weet wanneer daardie wegraping plaasvind nie. Dit sal net so stil gaan, daar's niemand wat iets daarvan sal weet nie, sien. En dit sal wees … natuurlik sal die groepies sê: "Wel nou, *So-en-so*…"

"O," sê hulle: "fanatiese klomp daar," sê: "daardie groep het daarvandaan weggegaan en hulle…"

"Dis nie so nie. Hulle het net iewers heengegaan. Ons het daardie fanatisme gehad, sien."

"O, wel. Hulle sê daardie klein tabernakel in 'n plek genaamd Jeffersonville, daar's soveel van daardie

lidmate wat weg is," sien. Hulle oordryf dit net.

Hulle sê: "O, daar's niks daaraan nie," jy sien—soos dit.

Dit sal verby wees en hulle sal dit nie weet nie.

20 Regoor die nasie sal kom… Hulle wat dood is in Christus sal eerste opstaan. Die wegraping sal plaasvind, die kerk sal huis toe geneem word, en dan sal die verdrukking intree. En o, goeiste, ons wil nie hier wees gedurende daardie tyd nie. Ek wil nie hier in die verdrukking wees nie. Nee. God verbied dat enige van ons ooit hier sal wees gedurende daardie tyd, want: "Hy wat vuil is, is steeds vuil: hy wat heilig is, is steeds heilig: hy wat regverdig is, is steeds regverdig."

Om te weet die Lam het voortgekom met Sy boek van verlossing en die Bruid is uitgehaal, en diegene wat dit weggewys het, moet deur 'n verdrukkingsperiode gaan, beide Jood en Heiden! Wat 'n tyd van verdrukking! Ek wil dit nie hê nie. Here, heilig my nou. Dis goeie Nasaréner leerstellings enige dag. En dis ook die waarheid. Dis waar. Dis reg.

Vul my nou met U Heilige Gees, Here. Neem nou die hele wêreld uit my uit, Here. Moenie dat ek… Soos die ou gekleurde broer gesê het: "Ek het my kaartjie in my hand. Dis alreeds gepons. En wanneer ek daardie oggend afkom na die rivier wil ek geen probleme hê nie." So dis omtrent reg. Ek wil geen probleme hê nie. Hou jou kaartjie in jou hand, want ons gaan oor. Dink net daaraan! Daardie groot tyd van verlossing is op hande!

21 En nou nog 'n ding. Broer ... wat is sy naam hier by Utica? Ek dink Broer Graham en nog 'n broer daar, wat pastoor daar is, Broer Upshutz, of soiets, dink ek… Broer Snelling is die pastoor? Broer Snelling is nou die pastoor bo by Utica. Ek dink hulle biduur is op Donderdagaand. Nou weet julle, dit sal baie goed wees as ons daar sou opglip een of ander Donderdagaand, en daardie kêrels 'n bietjie gemeenskap toon, sien. En dan wanneer Broer Jackson, die tye wat hy syne het, as ons net 'n groepie van ons bymekaar kry en gaan.

22 Hou net aan bid, hou aan grawe, moenie ophou nie. Net soos toe Elía vir hulle gesê het, gesê het: "Grawe slote daarbuite."

Wanneer jy afkom en jy hoor 'n ou [onduidelik woord] roep en sê: "Ek's te moeg,"—gooi dit uit die pad uit, hou aan grawe, sien. Hou net aan grawe, want ons moet grawe. Ons moet net grawe, dis al. Want as jy verwag om die verdrukking te mis, moet jy liewer begin grawe.

En nou vir myself, ek preek vir myself daar, ek gaan dieper begin grawe as wat ek ooit gegrawe het. Omdat ek so voel in die nasie en om die wêreld, dat hierdie bediening weer sal, soos dit nou bekend is omtrent oral oor die wêreld, moet ek … weer gaan.

23 Vrou het vir my gesê… Die ander oggend het ek gesê: "Ek wil hê jy moet saam met my gaan wanneer ek moet weggaan. Ek gaan vertrek rondom Januarie, as die Here wil. Ek wil 'n volledige wêreldtoer onderneem, die heelpad om. Kom terug en het miskien dienste in die Verenigde State een of ander tyd volgende somer."

En sy het gesê: "Ek is te oud om te reis."

"Wel," het ek gesê: "ek het van nou ongeveer… My laaste reis oorsee was omtrent agt jaar gelede, en ek voel asof ek nou in 'n beter toestand is as wat ek agt jaar gelede was, julle sien. Ek weet nou meer daarvan."

24 Dan kom ons by die onderwerp as die Here gesê het: "Ek gaan jou vyf-en-twintig jaar toewys. Jy gaan nie swak word nie. Jy sal in staat wees om te gaan. En ek gaan jou vyf-en-twintig jaar op aarde toewys." Sou jy neem van geboorte tot vyf-en-twintig, of van vyf-en-twintig tot vyftig, vyftig tot vyf-en-sewentig, of vyf-en-sewentig tot 'n honderd?

Nou enige man wat enige tyd op aarde toegewys is ... sou sekerlik 'n baie onbesonne ding wees as hy nie daardie tyd spandeer in diens vir God nie. Ek gee nie om wat hy doen nie. Nou, as jy 'n hartseer gaan wees vir die vroue of so aan, beter jy daardie jong ouderdom neem—daardie eerste vyf-en-twintig, sien. As jy 'n skrynwerker of 'n werktuigkundige of iets gaan wees, beter jy die tweede vyf-en-twintig neem, sien.

25 Toe het ek gedink aan, wat van my? Wat sal ek neem? Ek sou die vyf-en-sewentig tot 'n honderd neem. Ek sou slimmer wees, wyser. Ek sou meer gevestig wees. Ek sou meer weet van wat ek doen.

Ek is agt of tien jaar ouer as die vorige keer wat ek oorsee was. Ek sal nie inspring asof ek slange doodmaak nie. Ek sal meer daarvan weet, sien. Ek sal weet… Dis net soos 'n wasbeerhond wat 'n wasbeer beveg, sien. Julle weet van hoe om hom vas te vat. Jy spring nie daar in nie—hy sal jou krap, sien. Ken sy toertjies en hou hom dop, wat hy doen. En ons leer meer van die vyand. So ons moet al sy

tegnieke uitvind en hoe hy benader en wat hy doen. Slaan sy houe. Dan word jy opgelei om hom aan te vat, sien.

So, ek glo nou… Ek het vir die vrou gesê: "Ek glo ek is in 'n beter toestand nou as wat ek was toe ek veertig jaar oud was en oorgegaan het. En ek is vier-en-vyftig." Nou glo ek—as ek lewe en steeds kan rondgaan op die ouderdom op een of ander manier—wanneer ek 'n honderd is, as ek kon … as Jesus so lank sou vertoef, sou ek dan in 'n beter toestand wees as wat ek nou is om gaan, sien, want jy sou meer daarvan weet, jy weet meer oor wat om te doen, en hoe om dit te hanteer, hoe om 'n situasie te hanteer.

26 Neem 'n klomp mense, nou, as jy geopereer gaan word, sê: "Sê, 'n nuwe dokter het pas die ander dag gegradueer—het pas uit die mediese skool gekom. Hy het nog nooit 'n operasie gehad nie. Laat hom dit doen."

"O, nee," sou jy sê. "Dit gaan nie werk nie. Nie daardie dokter nie. Nee, meneer." Ja, julle weet hoe dit sou wees. "Ek sit nie my lewe daarop nie," sien. "Ek sou liewer hierheen gaan en *So-en-so* kry. Hy het 'n klomp operasies gehad. Hy weet hoe om dit te doen."

Dis die idee. Julle dink hieroor, maar wat van daardie siel? Ek wil iemand hê wat weet waar hulle is—wat met die pad gegaan het, wat dit gereis het. Ja, inderdaad.

27 Die Here seën julle. Goed, Broer Neville. God seën Broer Neville.

Moet nou nie vergeet nie, volgende Sondag. [Broer Neville praat en stel Broer Vayle voor.] Ek vra die gehoor om verskoning, ek het nie geweet toe ek daar gesit het dat dit reggemaak is nie. God seën jou, Broer Vayle.

28 [Broer Vayle sê: "Dit was nie reggemaak nie."] Sekerlik, dis goed. Ek wil hom graag self hoor. Broer Vayle het baiekeer voor my gepraat in die dienste, ensovoorts, en het die dienste vir 'n lang tyd bestuur. 'n Goeie broer. Het 'n goeie taak gedoen en ek is seker hierdie gehoor is altyd bly om Broer Vayle te hoor wanneer hy praat. Die Here seën Broer Vayle. [Broer Vayle praat.]

29 Soveel is gesê dat ek niks kon sê om dit enigsins beter te maak nie. En ek glo waarlik dat dit die Here was wat dit uitgewerk het vir Broer Vayle om hierdie boodskap te bring, na vanmôre. Julle sien, dit moet so werk. Ons aanvaar dit van God. Daar is soveel dinge wat ons daarbuite gesien het, ek het twintig preke op skrif neergeskryf gehad—wat hy gesê het.

Ek het hier gedink aan een klein illustrasie om te ondersteun wat hy gesê het. Nou, ons kyk na hierdie horlosie om uit te vind hoe laat dit is. Tensy elke instrument in daardie horlosie die een met die ander koördineer, sal ons nooit die regte tyd weet nie. Is dit reg? En dit neem ons almal, almal saam, as ons wil sien dat die derde trek regtig iets vir God doen—koördinasie met elkeen van ons saam om onsself voor God te verootmoedig en ons verkeerde dinge te bely en te bid, en God te glo vir hierdie dinge.

30 Ek glo waarlik dat wat Broer Vayle gesê het die waarheid is: dat God nooit Sy Gees in 'n onheilige, onregverdige, ongehoorsame tempel sal plaas nie. Dit moet kom in die weg van die reiniging van ons harte, en geen bedrog en ongeregtigheid nie, sodat ons rein kan wees voor God, dat Hy Sy suiwer Heilige Gees deur ons kan bewerk, hierdie dinge laat gebeur.

Ek dink dat wanneer jy vanaand huis toe gaan, as jy daardie boekie van Judas lees, sal jy nou net baie leer van wat Broer Vayle gesê het. Hy het gesê: "Ek stry ernstig vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." Dit het weggekom van hulle hoe manne van korrupte verstand, ensovoorts, ingekom het en hulle verontreinig het van die ware dinge van God. En God kan net opereer soos ons Hom laat opereer.

En baie wonderlike dinge wat ek … sê…

31 Julle weet, mense wil krag hê, en hulle weet regtig nie wat krag is nie. Hulle weet regtig nie wat daarmee saamgaan nie. Die pad op is af. Altyd, as jy krag wil hê, kyk hoe nederig jy kan raak. Kom net weg van al jou wêreldse denke en verootmoedig jouself voor God. En dan het jy meer krag as die man wat oor die gebou loop en 'n groot klomp geraas maak, sien—omdat jy gebuig het om jouself te oorwin en jouself aan Christus te wy, om jouself voor Hom te verneder. Dis regtig krag.

Jy wys my 'n kerk wat nederig is, baie nederig—nie 'n arrogante kerk nie; net 'n lieflike, nederige kerk—ek sal vir jou 'n kerk wys wat die guns en krag van God het. Dis reg. Dis die ding wat dit neem: nederigheid, onsself voor God verneder en God net deur ons laat werk. Hoef nie 'n klomp geraas te maak nie.

32 Net … partymaal, soos die boer gesê het, hy het uitgegaan na die veld met sy wa, en elke keer wat hy 'n knobbel getref het, het dit net geratel en aangegaan. Maar toe hy terugkom, het hy dieselfde knobbel getref en glad geen geraas gemaak nie, want dit was gelaai met goeie dinge.

So, ek dink dis omtrent reg, dat ons gevul word met die goeie dinge van God, dat die vrug van die Gees deur ons geken kan word. Soos hy soveel verwys het in I Korinthiërs 13 daar, hoedat: "Al gee ek my liggaam oor om verbrand te word, en al hierdie dinge te hê, en het nie liefde nie, is dit niks. Dit baat my niks." Ons wil dit doen.

33 Bo alle dinge is dit ons individuele siele waarvoor ons verantwoordelik is voor God, sien.

Dis as jy soontoe gaan. Dit is nie of ek gaan, of hy gaan nie; dis jy wat ingaan, sien. Dis eers jy. En jy moet kyk om te sterf en soet voor die Here te kom. En ek het altyd uitgevind dat die man wat homself verneder, 'n man is wat God geteken het. Wanneer jy 'n persoon neem wat net nagaan en alles weet, en jy kan hom niks sê nie, en hy's arrogant, en… Wel, dis 'n persoon wat nooit êrens kom nie. Maar jy neem daardie persoon wat hulleself verneder en sag loop…

34 Ek het nou die dag met 'n man gepraat. Hy het net 'n kerk georganiseer bo by… Uitgetrek uit 'n organisasie wat hulle gedoen het. En [onduidelike woord] Broer Boze. En daardie kerk waar… Hulle het daardie groot kerk daar gehad vir so lank en die Here het geseën. Toe het die mense by die plek gekom waar hulle wou poleer soos die res van hulle. En toe het hulle dit in 'n organisasie gegooi. En toe hulle het, het hulle net gegooi… Nederige Christene daarbinne het nie … was hulle hele lewe daarteen geleer, so hulle het daarvan weggeloop.

Nou hulle het 'n groep, en die Here het hulle geseën totdat hulle inkom, nou weer in 'n groot plek met 'n kerk wat nou omtrent vier- of vyfduisend mense hou, en hulle begin oor.

35 En hulle het na my toe gekom en gesê: "Broer Branham…" Het gesê … ons het uitgegaan daar in die kantoor, die kerkkantoor nou die dag, en gesê (een van die leiers van die klas, en hulle), gesê: "Wat moet ons doen?"

Ek het gesê: "Vind 'n man om die herder te wees wat geen reputasie in alle denominasies het nie, is net 'n baie goeie, egte, soet, nederige broer wat die lewe lei. God sal sorg vir die res daarvan," sien. Ek het gesê: "'n Goeie pastoor wat net die skape sal voed en nederig sal wees—en dan sal God die res doen, as julle sal…

Nie een of ander groot weet-alles wat inkom en sê: 'Sit dit in orde. En dit moet so wees', om dinge om te draai. Ek het gesê: "Dit sal nooit werk nie. Julle moet net…" Dis dit. Hou eers vrede in die kerk. Werk net saam. En julle moet julle deel daarvan volhou. So, ons sien in watter tyd ons lewe. Ons mag nader wees as wat ons dink ons is.

36 Nou waardeer ons Broer Vayle, nie waar nie? Die Here seën jou, Broer Vayle. Dankie. Ons dank die Here dat Hy hierdie groot boodskap vanaand aan ons gebring het. En het 'n nota gekry van [onduidelik woorde] suster wat gehad het, iets wat sy wou hê sy moes vertel in 'n droom. As jy dit net vir my sal uitskryf, suster, ek glo… Hy het haar 'n paar drome gegee wat absoluut waar was. Ons aanvaar nie alle drome nie. Nee, nee. Maar onder God … ons wil weet dat dit God is wat met ons praat.

Nou wanneer almal in tale praat, glo ons dit nie. Maar wanneer daar 'n interpretasie kom wat vir ons sê iets wat gaan gebeur, ons sien dit gebeur, dan dank ons die Here daarvoor.

37 Ons wil dit glad laat verloop, soet, en in orde van die Here.

So onthou net dat jou deel die hoofbronne mag wees, of dit mag die klein ... een of ander handjie of een of ander arm wees, die kronkelende stingel, wat dit ook al mag wees; of dit mag die hande op die gesig van die horlosie wees wat die tyd vertel. Maar wat dit ook al is, dit neem ons almal om in harmonie saam te werk met die evangelie van Jesus Christus om dit te laat gebeur.

Dink net, as gawes so groot is, wat ons uitroep, soos Paulus gesê het: "Al glo ek dat ek 'n berg sou kon versit, en nie liefde het nie, is ek niks." Dink daaraan! En hoewel julle sê: "Wel, ek verstaan die Bybel…"

"Al verstaan ek al die verborgenhede van God [Sien, en gaan steeds uit om dit te doen.] en het nie liefde nie, is ek niks." Ek het nog nêrens gekom nie, sien. Die hoofsaak is om God lief te hê en jouself daarmee te verootmoedig.

38 Nou sekerlik, na al hierdie jare op die veld en om die wêreld, en sien, om die mense te kry, behoort ek 'n bietjie te weet van die poort om by in te gaan. En as jy iewers met God wil kom, moet nooit toelaat dat 'n arrogante gees ooit kom nie. Moenie dat enige kwaadwilligheid kom nie, maak nie saak wat enigiemand sê nie. As hulle almal verkeerd is, moet jy nooit 'n kompleks teen daardie persoon opbou nie, sien. Wees soet en goedhartig. Onthou, God het jou liefgehad toe jy in sonde was. En as die Gees van God in jou is, het jy die ander persoon lief as hy verkeerd was, sien. Bid net vir hom en wees lief vir mekaar. Bo alles, wees lief vir God en wees lief vir mekaar, en wees nederig met God en om mekaar. En God sal dit seën. En dis moeilik om te sê wat Hy sal doen.

Gewoonlik wanneer kerke by getalle begin kom en 'n bietjie groot word of soiets, dan gaan hulle weg van daardie regte ding, die regte ding.

39 Julle weet wat hierdie dinge laat gebeur het? Toe ek die eerste keer begin het, het die Here aan my langs die rivier verskyn en dit vir my gesê. En Broer Vayle het dit gesien, glo ek, in die koerant in Kanada baie jare gelede, waar daardie engel van die Here op die rivier daaronder verskyn het. Dit was op Associated Press. "Mistieke lig oor plaaslike prediker terwyl hy besig was om te doop."

En weet julle wat het dit gedoen? Toe ons die tentdiens net oorkant die straat gehad het, reken ek dit het omtrent, o, 2 500 mense gehou. Predikers het van oor die wêreld gekom en gesê: "Broer, kom hier 'n oomblik." Ek was net 'n seun, omtrent—o, net 'n kind. En hy het gesê: "Hoe hou jy daardie mense eendragtig? Hulle het mekaar lief totdat… Ek het nie gesien dat mense mekaar liefhet nie."

40 Dis die Here. Dis waarop hierdie kerk gevestig was—daardie goddelike, broederlike liefde vir mekaar. Ek het mans gesien hande skud met mekaar wat die plek verlaat, en dan huil soos babas om mekaar te verlaat. Hulle het mekaar so liefgehad. En ek kon na die huis gaan om hulle te besoek, en probeer ... die Bybel het oopgelê en met trane bevlek. Kom in in die nag waar vaders en moeders saam vergader het en die kindertjies om hulle trek vir gebed—knielende rond, vaders en moeders, op hulle knieë huil en bid. Ek sou by die deur staan en wag en wag en wag. En hulle het nie opgehou bid nie. Ek het altyd op die trappe gaan sit en self begin bid—vir hulle gewag, sien. En dan was dit waarom hulle mekaar liefgehad het. Hulle het mekaar liefgehad.

Ons het altyd gestaan en daardie ou lied gesing,

Geseënd is die band wat bind

Ons harte in Christelike liefde;

Die gemeenskap van verwante gemoed

Is soos dit van bo.

Wanneer ons skei,

Dit gee ons innerlike pyn;

Maar ons sal steeds in hart verbind wees

En hoop om weer te ontmoet.

41 Ek sê dit met groot vreugde in my hart vir Christus, baie van hulle wat daar slaap in hierdie grafte wat vanaand gemerk is, wag vir daardie groot opstanding waar ons weer sal ontmoet. Laat daardie gees nooit weggaan van hierdie plek nie. Laat elke twyfel … dan gee ek nie om hoe welsprekend julle pastoor mag wees, hoe goed hy die Woord van God mag bring, as die Gees van God weggegrief is nie.

En ons kan alle dinge in gemeenskap en gemeenskaplik hê. Wees lief vir mekaar, dan sal God met ons werk. En ons hou ... die tyd dat die mense verbykom en sê: "As julle 'n kerk wil sien wat regtig nederig is, 'n kerk wat God regtig liefhet, val daar in by daardie Tabernakel en hou hulle dop. Kyk na daardie omgee wat hulle vir mekaar het, die respek. En wanneer die evangelie verkondig word, hoe eerbiedig, hoe alles net in orde is."

Dan kan hulle kyk en sien in watter tyd ons lewe. Hulle sal die Gees van God onder julle sien beweeg. Groot tekens en wonders en dinge sal plaasvind. As die ding saamwerk, vertel dit die tyd. Maar as dit nie werk nie, dan het tyd gestop. Dit sal nie meer die tyd vertel nie. So, as ons wil weet in watter tyd ons lewe, begin net almal saamwerk in die evangelie, hê mekaar lief en hê God liefhê. En die hande self sal die tyd vertel waarin ons lewe. Glo julle dit? Amen.

Die Here seën julle baie ryklik.

42 Moet nou nie vergeet nie, kom om hierdie week en kom uit na die siek mense wat inkom. Sê vir hulle wanneer hulle kom, sê: "Liefling, ek wil jou vra… Ons bid vir die siekes Sondagoggend oorkant by die Tabernakel. En jy was siek vir 'n rukkie."

"Ek wil gaan. Nou, ek wou nog altyd gaan."

"Ek het pas 'n boodskap Sondagaand van 'n broer daar gehoor, dat hoe ons ons foute aan mekaar moet bely en vir mekaar moet bid dat ons genees mag word [Jakobus 5:14—13, 14, 15, sien.], dat ons ons foute aan mekaar moet bely voordat ons selfs ons genesing kry." Bely ons foute vir mekaar en bid vir mekaar, sien. Dis net presies waarvan hy gepraat het vanaand. Bring die saligsprekinge terug met Markus 16. Bring dit bymekaar, julle het dit. Dan vind genesings plaas.

43 Kyk na Jesus—niks anders as een bondel liefde nie. Hy was God gemanifesteer. As God Homself aan ons uitgedruk het, geen wonder wonderwerke en dinge gebeur nie. Net nederige lewens en toegewyde lewens wat kom van… Net van God te wees om 'n mens te wees, julle weet—net om God deur Homself uit te druk, dis wat Hom gemaak het wat Hy was. Ek het altyd gesê wat Jesus God vir my gemaak het, was die manier waarop Hy Homself verneder het. Hy was so groot, en het tog so klein geword. Dis reg.

Die Here seën julle ryklik. Nou, laat ons dan opstaan vir die verdaging. Laat ons dit net probeer (jy sal dit dalk nie ken nie, suster): "Geseënd is die Band wat Bind." Laat ons dit eenkeer sing, sal julle? Begin by die vers.

Geseënd is die band wat bind

Ons harte in Christelike liefde;

Die gemeenskap van verwante gemoed

Is soos dit van bo.

44 Nou terwyl ons hierdie laaste vers sing, laat ons mekaar se hande skud. "Wanneer ons skei," en net sê: "God seën jou, broer, suster, ek is so bly om vanaand hier by jou te wees."—soiets. En draai om daar. Nou, laat ons dit sing:

Wanneer ons skei,

Dit gee ons innerlike pyn;

Maar ons sal steeds in hart saamgevoeg word,

En hoop om weer te ontmoet.

Ek het die Here Jesus lief, nie waar nie?

Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!

Totdat ons by Jesus se voete ontmoet;

Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!

God sy met julle tot ons weer ontmoet!

Laat ons ons oë sluit en dit nou in die Gees sing.

Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!

Totdat ons by Jesus se voete ontmoet;

Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!

God sy met julle tot ons weer ontmoet!

45 Nou met ons hoofde gebuig (Ons is net kinders, God se kinders.) Laat ons dit neurie. [Neurie] O, dit bring die Gees van God na ons. Herinner my aan die vroeë dae toe ons [onduidelik woorde].

God sy met julle tot ons weer ontmoet!

Met ons hoofde gebuig gaan ek vra of Broer Allen daaragter, 'n nuwe broer onder ons, of hy ons sal verdaag in 'n woord van gebed. Broer Allen.

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7